



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT  
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY  
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING VIRTUEEL GEHOU OM 10:00 OP  
DINSDAG 28 JULIE 2020 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

**MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD VIRTUALLY ON TUESDAY,  
28 JULY 2020 AT 10:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP**

**RAADSLEDE / COUNCILLORS**

MNR	R J BAKER	
MNR	G D BURGER	
MNR	D J EUROPA	
MNR	C J JACOBS	
MNR	D JANTJIES	
ME	E C MARTHINUS	
MNR	J G A NIEUWOUDT	(Speaker)
ME	M OCTOBER	
ME	E L SAULS	
MNR	P J SWART	(Burgemeester)
ME	Z TONISI	(Onder-Burgemeester)

**AMPTENARE / OFFICIALS**

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr A Jacobs	Direkteur: Infrastruktuurdienste
Mnr H Kröhn	Direkteur: Bestuursdienste
Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Administrasie
Me T Stone	Afdelingshoof: Strategiese Dienste

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadsdame Marthinus open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Geen.

**3. ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

**4. NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTING****4.1 NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

- 15 Junie 2020
- 17 Julie 2020

**BESLUIT 86/2020**

Na 'n regstelling by die Notule van 15 Junie 2020 ("Voedsel verligting tydens COVID-19 inperking: NGO's-Sopkombuise") word die Notules as korrek en volledig bekragtig.

**5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES****Notule: 15 Junie 2020 - Voedsel Verligting Tydens Covid-19 Inperking: NGO's-Sopkombuise**

Dat 'n volledige verslag aan die Raad voorgelê word ten opsigte van die spanderings van alle NGO's.

**6. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER****6.1 BRIEWE VAN DANK**

Geen.

**6.2 FUNKSIES VIR DIE MAAND**

29 Julie 2020: Huise word deur die Provinsiale Minister van Behuising oorhandig.

**6.3 AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES**

Geen.

**6.4 DRINGENDE SAKE DEUR DIE SPEAKER VOORGELê**

6.4.1 Die Speaker wens Raadslid Baker geluk met sy verjaarsdag vandag.

6.4.2 Daar sal 'n spesiale Raadsvergadering plaasvind op Donderdag, 13 Aug 2020.

**7. TERUGVOERING VANAF RAADSLEDE OOR VERGADERINGS BYGEWOON**

Geen.

**8. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

8.1 Die Burgemeester maak personeel en Raadslede weereens attent op die gevaar van Covid-19 en bedank alle personeel, dokters, verpleërs en inwoners wat hul volle samewerking gee in dié verband.

8.2 'n Nuwe gees van samewerking word binne die owerheid bespeur en amptenare en Raadslede word bedank vir hul insette.

- 8.3 Heelwat addisionele fondse word vanaf buite instansies gein wat die finansiële las op die owerheid verlig. Die MIG-spandering is 'n voorbeeld hiervan en stel die Raad in die vermoë om addisionele befondsing te bekom.
- 8.4 Eersdaags sal kommunikasie met inwoners verbeter kan word as gevolg van 'n munisipale "app" wat tans ondersoek word.
- 8.5 Die Ou-Meulestraat droom is stelselmatig besig om te realiseer deur die daarstelling van twee "eco-hubs" en die mosaic van die voetbrug.
- 8.6 Die toekenning van fondse vir spandering binne wyke sal eersdaags in riglyne vervat word.
- 8.7 Die Burgemeester lig die Raad en publiek in dat die Munisipale Bestuurder KAM gaan verlaat met ingang 1 November 2020.

		<b>BLADSY</b>	
		<u>Notule</u>	<u>Bylaes</u>
<b>9.</b>	<b><u>ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING</u></b>		
9.1	2020/21 Organigram Changes: Department Protection Services	<b>4 - 9</b>	<b>Separately</b>
9.2	Vervreemding (koop): Ged erf 3502, Struisbaai	<b>10 - 12</b>	<b>1 - 4</b>
9.3	Vervreemding (koop): Ged erf 663 en Ged erf 579, L'Agulhas	<b>12 - 13</b>	
9.4	Vervreemding (koop): Oopruimte langs erf 528, Waenhuiskrans	<b>13 - 14</b>	
9.5	Toekenning: Industriële grond, Struisbaai	<b>14 - 15</b>	
9.6	Finansiële Ondersteuning: Verhoogde kraglading	<b>15 - 16</b>	<b>5</b>
9.7	Finansiële Ondersteuning: Uitgrawings binne privaat erf	<b>16 - 17</b>	<b>5</b>
9.8	Beskikbaarstelling: Erf 3461, Bredasdorp	<b>17 - 19</b>	<b>6 - 7</b>
9.9	Vervreemding (koop): Ged erf 955, Struisbaai	<b>19 - 21</b>	<b>8 - 14</b>
9.10	Vervreemding/Ontwikkeling: Erwe 852 en 857, Struisbaai	<b>21 - 22</b>	<b>15 - 36</b>
9.11	Vervreemding (koop): Ged erf 379, Struisbaai	<b>22 - 24</b>	<b>37 - 42</b>
9.12	Amendment / Extention of Contract: DDP Values Pty Ltd	<b>24</b>	
9.13	Versoek: Toekenning van Swartstraat huis, Bredasdorp	<b>25</b>	
9.14	Heroorweging: Voorwaardes en Beginsels vir huur van LED-Besigheidseenhede	<b>25 - 27</b>	<b>43 - 44</b>
9.15	Write-Off of redundant Assets: July 2020	<b>27 - 29</b>	<b>45 - 49</b>
9.16	Annual stock take for year ended: 30 June 2020	<b>29 - 31</b>	
9.17	SCM Deviation Report: 1 April 2020 – 30 June 2020	<b>31</b>	<b>50 - 54</b>
9.18	Quarterly SCM Report ended 31 March 2020	<b>31 - 32</b>	<b>Separately</b>
9.19	Approval: Annual Report - Section 50 of Disaster Management Act	<b>32 - 34</b>	
9.20	CAM: Disaster Management Plan 2020	<b>35</b>	<b>Separately</b>
9.21	Time Schedule: 2021/22, 2022/23 and 2023/24 budget and 2021/22 fourth IDP review / amendment	<b>36 - 45</b>	
9.22	Taxi interchange development on a portion of erf 1148, Bredasdorp	<b>45 - 46</b>	<b>Separately</b>
9.23	Strategic Risk Analysis: 2020 - 2021 Financial Year	<b>46 - 47</b>	
9.24	2020/21 Risk Man Policy, Risk Man Strategy and FARMCO Charter Review	<b>47 - 48</b>	<b>55 - 102</b>
9.25	Quarterly Performance Report: 2019/20 Financial Year	<b>49</b>	
9.26	OPCAR: Maandelikse Vordering - Julie 2020	<b>49 - 50</b>	<b>103</b>

10. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

11. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

12. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

13. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

14. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN RAADSBESLUIE**

Lys van onafgehandelde Raadsbesluite verskyn op **bladsy 51**.

15. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 14:25

---

9. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING**

9.1 **2020/21 ORGANIGRAM CHANGES AND MOVEMENTS TO COMPLETE RESTRUCURING IN DEPARTMENT: PROTECTION SERVICES**


**PURPOSE OF REPORT**

For council to consider and approved the required changes and movements to the organogram of the department to complete the restructuring process which will increase capacity for community need with the focus on improving service delivery as a requirement to comply with the National Road Traffic Act, RTMC and AARTO operating procedures and standards.

**BACKGROUND**


**Structure 1: Approved 22/06/2018**

**MANAGEMENT SERVICES CURRENT OUTDATED STRUCTURE:**




approve: Sean Ansin Date: 22.06.18

### Management Services



Approve: Sean Ansin Date: 22.06.18

### Management Services




Approve: *Bernadus Januarie* Date: 22-06-18


The administration hereby requested that the following changes as illustrated below be approved to ensure proper line functioning, planning, and budgeting to be in line with the current situation on how the function and staff work.

#### Structure 2: Proposed Draft 2020/21


### CAPE AGULHAS MANAGEMENT SERVICES




## CAPE AGULHAS MANAGEMENT SERVICES




## CAPE AGULHAS MANAGEMENT SERVICES



**CAPE AGULHAS  
MANAGEMENT SERVICES**



**CAPE AGULHAS  
MANAGEMENT SERVICES**



IS - OCCUPIED POSTS  
 BLOCKS - VACANT POSTS UNFUNDED  
 GREEN BLOCKS - VACANT POSTS - FUNDED  
 BLUE BLOCK - CURRENT LINE FUNCTION - NO POST  
 YELLOW BLOCKS - UNFUNDED NEW POSTS (EPWP / PEACE OFFICERS)  
 - 10 X LAW ENFORCEMENT OFFICERS - FUNDED TEMPORARY STAFF

Approve: \_\_\_\_\_ Date: \_\_\_\_\_



**MANAGEMENT RECOMMENDATION**

*That the Municipal Manager, in consultation with the Director: Finance, recommends as follows:*

- (i) Council approves the changes as proposed in **Structure 2** as per above explanations.
- (ii) These changes of the departmental organogram be included into the 2020/21 Microstructure by the HR department.
- (iii) These amendments be included as part of the **Adjustment budget** to be tabled to Council with the **Mid-year budget** review process in January 2021.
- (iv) That the review and adjustments to the current positions as per the Structure 2 be implemented for the 2020/21 financial year.
- (v) That the changes be implemented as per timelines as per below table:

Financial year 2020/21	Financial year 2021/22	Financial year 2022/23	Financial year 2023/24	Financial year 2024/25	Financial year 2025/26
<b>LAW ENFORCEMENT COMPONENT</b>					
Superintendent: Law Enforcement	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)
	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)
	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)
	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)	Law enforcement officer (Task 10)
<b>ADMINISTRATION COMPONENT</b>					
Office Assistant: Cleaner	Disaster Management officer	Senior clerk: Typist			
	AARTO Clerk				
<b>TRAFFIC COMPONENT</b>					
	Speed Enforce: Officer	Learner: Traffic officer	Learner: Traffic officer	Learner: Traffic officer	Learner: Traffic officer
	Speed Enforce: Officer	Learner: Traffic officer	Learner: Traffic officer	Learner: Traffic officer	Learner: Traffic officer

**RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE**

That the management recommendation be accepted.

**RESOLUTION 87/2020**

That the matter be discussed at a workshop on 6 August 2020.

*(Raadslid Jacobs teken sy teenstem aan met betrekking tot die bekostigbaarheid van die nuwe struktuur; Die finansiële impak asook die feit dat dit tydens die "mid-year budget review" van toepassing sal word.)*

9.2 VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE (31.84m<sup>2</sup>) ERF 3502, STRUISBAAI (COLLAB: 326674)

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr Andre Venter om 'n gedeelte (31.84m<sup>2</sup>) van erf 3502, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 1**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars : KAM  
 Eiendom : Gedeelte Erf 3502, Struisbaai  
 Huidige sonering : Oop Ruimte  
 Voorgestelde Grootte : 31.84m<sup>2</sup>

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 4** is van mnr Andre Venter ontvang om 'n gedeelte van erf 3502, Struisbaai by die Raad te koop ten einde sy bestaande erf reghoekig te maak.

MARKWAARDASIE

R10 000,00

FINANSIële IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

Council policy	Alienation of land
MFMA	1. <b>Sect 14(2)(a)</b> : asset not required for minimum level of basic services. 2. <b>Sect 14(2)(b)</b> : consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset. 3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below). 4. <b>Sect 33</b> : Contracts having long term financial implications.
MATR	1. <b>Definition of "high value asset"</b> : <i>"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:</i> a) <i>R50 million;</i> b) <i>One percent of the total value of the capital assets of the municipality....</i> c) <i>An amount determined by resolution of the council of the municipality ..... which is less than (a) or (b).</i> 2. <b>Definition of "realisable value"</b> : fair market value <u>less</u> estimated costs of completion. 3. <b>Definition of "right to use, control or manage"</b> : when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal. 4. <b>Regulation 5</b> (decision-making). 5. <b>Regulation 6</b> (public participation)
SCM Regulations SCM Policy	<b>Regulation 40: (Disposal Management)</b> Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth.
Systems Act (public participation)	<b>Section 21A:</b> (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community: (a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries; (b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and (c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.
Town Planning legislation	No application is required.

**DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR****MUNISIPALE BESTUURDER**

Boubeheer kyk net bietjie na die plan wat ingedien is die erf is veronderstel om slegs toegang vanaf die pad te verkry en nie oor die publieke oop ruimte nie. Indien die garage aan die agterkant van die erf gebou word/reeds gebou is, en die huis wel so gelee is op die erf, kan dit slegs toegang vanaf die agterkant van die erf kry. Weereens 'n Suiderstrand situasie wat ons te alle tye moet vermy. Doen eers ondersoek hierna voordat ons enigsins die aansoek oorweeg.

**DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE**

Neem kennis en geen beswaar.

**DIREKTEUR: SIVIELE INGENEURSDIENSTE**

Die aansoek word ondersteun om die erf vierhoekig te maak, maar die ondersteuning gun nie toestemming vir toegang na die eienaar se motorhuis deur die munisipale ope spasie nie.

**DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE**

Geen kommentaar.

**AFDELINGSHOOF: STRATEGIESE, BEPLANNING EN ADMINISTRATIEWE DIENSTE**

In principle, there is no objection to the alienation of a small tract of land to enlarge an existing property. In this case however the enlargement of the stand will not address the issue that the applicant has namely access to his garage. The application should be referred back to the applicant to also apply for a portion of Erf 3502, and the building plan not approved until such time as such an application is received and approved.

**ELEK**

No impact on electrical infrastructure.

**SENIOR SPESIALIS STADSBEPLANNER**

Geen beswaar. Sluiting, onderverdeling en hersonering gaan vir die aansoeker se kostes wees.

**SENIOR BOUBEHEERBEAMPTE**

Ondersteun aansoek.

**BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE**

Geen probleem van "Admin" se kant nie. Aansoek word ondersteun.

**BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER**

Strate-en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

**BESTUURDER: WATER EN RIOOL**

Noted. No objection

**BESTUURDER: VERKEER EN WETSTOEPASSING**

Neem kennis.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat, aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van Gedeelte (31.84m<sup>2</sup>) van erf 3502, Struisbaai aan mnr Venter, teen 'n markverwante prys.
- (ii) Dat die konsolidasie van die erf vir die aansoeker se koste sal wees.
- (iii) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word.

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling nie aanvaar word nie.
- (ii) Dat die aangeleentheid ontstaan totdat die verslag van die bouafdeling ontvang is, soos versoek deur die Munisipale Bestuurder.

**RAADSBESLUIT 31/2020: 25 FEBRUARIE 2020**

Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

**KOMMENTAAR : BOUBEHEER**

Patrick het die nodige inspeksie daar uitgevoer, en soos gemeld sal die gedeelte nie probleem skep om aan hom te verkoop nie. Dit sal wel toegang tot sy buitegeboue vergemaklik.

Hy moet daarop gewys word dat geen toegang vanaf die openbare ruimte na sy erf uit die hoek toegelaat sal word nie. Toegang slegs op sy erf. Die gedeelte sal dit wel vergemaklik om te draai. Die aansoek word ondersteun.

**BESTUURSAANBEVELING**

Dat 'n oorskrydingsooreenkoms met die eienaar van erf 1953, Struisbaai aangegaan word vir 'n termyn van 9 jaar en 11 maande teen R4 015,00 per jaar.

**BESLUIT 88/2020**

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

9.3 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE (±132M<sup>2</sup>) ERF 663 EN GEDEELTE (±36M<sup>2</sup>) ERF 579, L'AGULHAS (COLLAB: 287169) (WYK 5)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van me L Geldenhuys ten einde 'n gedeelte (±132m<sup>2</sup>) van erf 663 en gedeelte (±36m<sup>2</sup>) van erf 579, L'Agulhas te koop.

**ALGEMENE INLIGTING**

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 663, L'Agulhas en Gedeelte Erf 579, L'Agulhas
Ligging	:	Golfstraat
Huidige sonering	:	Oop Ruimte
Erf Grootte	:	3 377m <sup>2</sup>

**AGTERGROND**

'n Skriftelike versoek is van me L Geldenhuys ontvang om 'n gedeelte (±132m<sup>2</sup>) van erf 663 en gedeelte (±36m<sup>2</sup>) van erf 579, L'Agulhas by die Raad te koop.

**MARKWAARDASIE**

R93 150,00 (BTW uitgesluit)

**BESTUURSAANBEVELING: 10 DESEMBER 2019**

- (i) Dat die Raad in beginsel goedkeuring gee dat 'n gedeelte van erf 663, L'Agulhas vervreemd mag word.
- (ii) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
- (iii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.
- (iv) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word."

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

**RAADSBESLUIT 202/2019: 10 DESEMBER 2019**

Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

'n Advertensie met die Raad se voorneme is op 12 Maart 2020 in die plaaslike pers geplaas. Geen kommentare of besware is ontvang nie.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat die Raad goedkeuring gee dat 'n gedeelte van erf 663, L'Agulhas vervreemd mag word.
- (ii) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
- (iii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.

**BESLUIT 89/2020**

Dat die item, wat 'n terreinplan sal insluit, verwys word na die spesiale Raadsvergadering van 13 Augustus 2020.

9.4 **VERFREEMDING (KOOP) VAN OOPRUIMTE DIREK LANGS ERF 528, WAENHUISKRANS (COLLAB: 151335)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Dat oorweging geskenk word aan die versoek van mnr H J Siljeur ten einde die ongebruikte area langs erf 528, Waenhuiskrans te koop.

**ALGEMENE INLIGTING**

Eienaars	:	KAM
Ligging	:	Gedeelte Erf 403, Waenhuiskrans
Huidige sonering	:	Oopruimte
Voorgestelde grootte	:	110m <sup>2</sup>

**AGTERGROND**

'n Skriftelike versoek is van mnr Siljeur (vader van die koper) ontvang om die ongebruikte area langs erf 528, Waenhuiskrans by die Raad te koop.

**MARKWAARDASIE**

R22 000,00 (gebaseer op die markwaardasie vir 15m x 5m)  
R 200,00 x 110m<sup>2</sup>

**RAADSBESLUIT 157/2019: 1 OKTOBER 2019**

- (i) Dat die bestuursaanbeveling nie as 'n besluit van die Raad aanvaar word nie.
- (ii) Dat die aangeleentheid terug verwys word totdat 'n skrywe vanaf die aanliggende grondeienaar (me O N Siljeur) self ontvang is vir die aankoop van die gedeelte van erf 403, Waenhuiskrans.

**RAADSVERGADERING : 10 DESEMBER 2019**

'n Skriftelike versoek is ontvang vanaf me Siljeur om die ongebruikte area langs erf 528, Waenhuiskrans by die Raad te koop.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van gedeelte Erf 403, Waenhuiskrans ongeveer 110m<sup>2</sup> in grootte aan die eienaar me Olivia Nadia Siljeur.
- (ii) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
- (iii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.
- (iv) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word.

**RAADSBESLUIT 201/2019: 10 DESEMBER 2019**

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

'n Advertensie met die Raad se voorneme is op 27 Februarie 2020 in die plaaslike pers geplaas. Geen kommentare of besware is ontvang nie.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat goedkeuring verleen word vir die verkoop van gedeelte erf 403, Waenhuiskrans ongeveer 110m<sup>2</sup> in grootte aan die eienaar me Olivia Nadia Siljeur.
- (ii) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
- (iii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.

**BESLUIT 90/2020**

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

9.5 **TOEKENNING VAN INDUSTRIËLE GROND, STRUISBAAI****DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die toekenning van industriële grond in Struisbaai.

**AGTERGROND**

Die Raad het 'n huurooreenkoms met mnr Gert van Niekerk vir erf 4185 en 4186, Struisbaai wat vir die tydperk van 1 Maart 2019 tot 28 Februarie 2022 van toepassing is.

Tydens 'n onlangse veiling het die Raad die 2 erwe verkoop en op 25 Februarie 2020 het die Raad die volgende besluit geneem:

**Terugvoer: Publieke Veiling - 20 Februarie 2020**

Die Munisipale Bestuurder lê 'n verslag aan die Raad voor met verkoopspryse tydens die onlangse publieke veiling.

**RAADSBESLUIT 20/2020: 25 FEBRUARIE 2020**

- (i) Dat verkoopspryse van erwe 4186, 4187, 4201 en 4200, Struisbaai aanvaar word.
- (ii) Dat aanbiedinge vir erwe 4185, 4195, 4209, Struisbaai en erf 5994, Bredasdorp in-beginsel aanvaar word en dat Provinsiale Tesourie sodanige aanbeveling ondersteun.
- (iii) Daar word goedkeuring gegee vir kontrakwysigings ten opsigte van die verhuur van erf 4185 en 4186, Struisbaai en die Raad onderneem om dieselfde grootte grond in die onmiddellike omgewing beskikbaar te stel, met dieselfde verhuuringsvoorwaardes totdat die genoemde ooreenkoms met mnr Van Niekerk in 2022 verval.

Struisbaai Industriële gebied is op 20 Maart 2020 besoek om 'n geskikte terrein uit te wys. Die volgende opsies word voorgestel om na die Raad verwys te word vir oorweging.

**OPSIES**

1. Opsie 1: Is die mees geskikte, maar is nog nie in erwe verdeel nie en daar sal moontlik 'n omgewingimpakstudie gedoen moet word.
2. Opsie 2: 'n Baie geskikte opsie, veral indien die huurder belangstel om die eiendom te koop na verstryking van die ooreenkoms. Die erf is egter met sagte grond bedek, wat die vervoer van materiaal sal bemoeilik.
3. Opsie 3: Is ook geskik, maar nog nie skoongemaak nie en is teen 'n klipbank geleë.

**FINANSIËLE IMPLIKASIE**

Geen, aangesien die huurder homself gaan hervestig.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat opsie 1 ondersteun word, maar die omgewingsimpakstudie eers aangevra en afgehandel word.
- (ii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

Dat die bestuursaanbeveling aanvaar word.

**BESLUIT 91/2020**

Dat die aangeleentheid terugverwys word na die Finansies- en IT Dienste Komitee vir herooring, nadat wyksinsette ontvang is en daarna vir aanbeveling aan die Raad.

9.6 **FINANSIËLE ONDERSTEUNING TEN OPSIGTE VAN VERHOOGDE KRAGLADING: H TEMMERS, GEELSTRAAT 31, BREDASDORP**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om mnr Temmers, 'n gestremde persoon te help met die opgradering van sy kraglading na sy huis.

**AGTERGROND**

'n Skrywe is op 18 Februarie 2020 van mnr H Temmers van Geelstraat 31 (erf 4042), Bredasdorp ontvang waarin hy die Raad versoek om hom finansiëel te ondersteun om sy kraglading weer terug te kry op 30Amp, nadat die Raad dit verlaag het na 20Amp (volgens Temmers). Volgens mnr Temmers sal die koste nagenoeg R6 000,00 beloop.

Volgens die elektrisiteitsafdeling was daar altyd nog 'n 20Amp meter in die huis en is die meter vervang op 10 Oktober 2019 - moontlik as gevolg van 'n foutiewe meter. Die huis is op die gewone residensiële tarief.

Wyk 3 het die aangeleentheid bespreek (sien aangehegte notule op **bladsy 5**).

### **FINANSIËLE IMPLIKASIE**

Geldwaarde van R6 702,15

### **BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat die Raad kennis neem van die aangeleentheid.
- (ii) Dat die Raad nie aanspreeklik gehou word vir die onkoste van R6 702,15 nie.

### **AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

- (i) Dat die bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat die aangeleentheid na die Masakhane Komitee verwys word vir verdere ondersoek.

### **BESLUIT 92/2020**

Dat die aangeleentheid na die Masakhane Komitee vergadering van 12 Augustus 2020 verwys word vir verdere ondersoek.

## 9.7 **FINANSIËLE ONDERSTEUNING: UITGRAWINGS BINNE PRIVAAT ERF - ME D KABEWA, BLOMBOSSTRAAT 31, BREDASDORP**

### **DOEL VAN VERSLAG**

Om 'n versoek vanaf me Dianne Kabewa vir finansiële hulp te oorweeg.

### **AGTERGROND:**

'n Skrywe is op 12 Desember 2019 van me Kabewa van Blombosstraat 31 (Erf 4270), Bredasdorp ontvang waarin sy die Raad versoek om haar finansiële te ondersteun vir uitgawes wat sy reeds aangegaan het sodat sy kon aanhou aan haar bestaande huis. Sy het reeds die huis in 2002 ontvang. Sy het die koste self aangegaan vir die verwydering van 'n klipbank, wat die Raad "belowe" het om te verwyder. Sy het nie die Raad se toestemming nodig gehad nie. Die Direkteur: Infrastruktuur was verskeie kere met haar in gesprek. Die bekommernis bestaan nou dat sy haar erf so laag uitgegrawe het, dat dit met harde reën, oorspoel kan word.

Die volle koste beloop R11 399,00 (alle bewysse is beskikbaar op aanvraag).

Wyk 3 het die aangeleentheid bespreek (sien aangehegte notule op **bladsy 5**).

### **FINANSIËLE IMPLIKASIE**

Die Raad kan nie aanspreeklik gehou word vir werk op privaat eiendom nie. Die SCM prosesse is nie gevolg nie en die uitgawe sal deur die OG uitgawes word.

### **AANBEVELING**

Dat die Raad kennis neem van die versoek maar ongelukkig nie die eienaar kan vergoed nie, aangesoek die onkoste op privaatgrond gedoen is nie.



**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

- (i) Die Komitee ondersteun die vergoeding ten opsigte van koste aangegaan.
- (ii) Dat die aangeleentheid verwys word na die Sosio-Ekonomiese Komitee vir oorweging.

**NA BESPREKING WORD DIE VOLGENDE VOORSTELLE GEMAAK****VOORSTEL 1 - Raadslid Baker:**

Dat die aansoek goedgekeur word.

**Ondersteun:** Raadslid Europa, Raadsdame Marthinus

**VOORSTEL 2 - Raadslid Tonisi:**

Dat daar holisties gekyk word na alle gebreke en tekortkominge ten opsigte van behuising in die "Oppi-Koppie" skema voordat enige individuele versoeke vir ondersteuning met die aanspreek van probleme oorweeg word.

**Ondersteun:** Raadslede Swart, Sauls, October en Burger

**BESLUIT 93/2020**

Na die uitbring van stemme, word die volgende besluit geneem:

Dat voorstel 2 ("*Dat daar holisties gekyk word na alle gebreke en tekortkominge ten opsigte van behuising in die "Oppi-Koppie" skema voordat enige individuele versoeke vir ondersteuning met die aanspreek van probleme oorweeg word.*") aanvaar word.

9.8 **BESKIKBAARSTELLING VAN ERF 3461, BREDASDORP (COLLAB: 339862) (WYK 2)****DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van Suideroord Tehuis vir Bejaardes om erf 3461, Bredasdorp, beskikbaar te stel vir moontlike aanbouing in die toekoms (liggingsplan aangeheg op **bladsy 6**).

**ALGEMENE INLIGTING**

Eienaar : KAM  
 Eiendom : Erf 3461, Bredasdorp  
 Ligging : Langstraat  
 Grootte : 167m<sup>2</sup>

**AGTERGROND**

In 'n skrywe, soos aangeheg op **bladsy 7**, versoek Suideroord Tehuis vir Bejaardes die Raad om oorweging te skenk om erf 3461, Bredasdorp aan hulle beskikbaar te stel vir moontlike aanbouing in die toekoms.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

Council policy	Alienation of land
MFMA	1. <b>Sect 14(2)(a):</b> asset not required for minimum level of basic services. 2. <b>Sect 14(2)(b):</b> consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset. 3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below). 4. <b>Sect 33:</b> Contracts having long term financial implications.

<b>MATR</b>	<p>1. <b>Definition of “high value asset”:</b> <i>“fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:</i></p> <p>a) <i>R50 million;</i></p> <p>b) <i>One percent of the total value of the capital assets of the municipality....</i></p> <p>c) <i>An amount determined by resolution of the council of the municipality ..... which is less than (a) or (b).</i></p> <p>2. <b>Definition of “realisable value”:</b> fair market value <u>less</u> estimated costs of completion.</p> <p>3. <b>Definition of “right to use, control or manage”:</b> when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.</p> <p>4. <b>Regulation 5</b> (decision-making).</p> <p>5. <b>Regulation 6</b> (public participation)</p>
<b>SCM Regulations SCM Policy</b>	<b>Regulation 40: (Disposal Management)</b> Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth
<b>Systems Act</b> (public participation)	<p><b>Section 21A:</b> (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:</p> <p>(a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries;</p> <p>(b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and</p> <p>(c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.</p>

## DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

### **MUNISIPALE BESTUURDER**

Die aankoop van die erf vir die doel om die tehuis uit te brei maak sin weens die ligging daarvan en ook die feit dat meer en meer bejaardes in die toekoms afhanklik sal word van die dienste wat tans daar aangebied word. Aansoek word ondersteun volg die wetlike prosedures en vereistes.

### **DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE**

Geen beswaar.

### **DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE**

Ondersteun aansoek.

### **DIREKTEUR: SIVIELE INGENEURSDIENSTE**

No objection.

### **ELEK**

There is sufficient capacity in the area to enable this development, upgrade to existing supply for owners account.

### **BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER**

Die betrokke erf kan toegang kry in Langstraat, maar so ver moontlik vanaf die Ou Meulestraat interseksie.

### **BESTUURDER: VERKEER EN WETSTOEPASSING**

Aansoek word ondersteun.

### **BESTUURDER: WATER EN RIOOL**

No impact on water and Sanitation system.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat erf 3461, Bredasdorp ongeveer 167m<sup>2</sup> ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie benodig word vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste nie.
- (ii) Dat die Raad in-beginsel die grond, genoem erf 3461, Bredasdorp gratis aan Suideroord Tehuis vir Bejaardes beskikbaar stel vir maandelikse aanbouing in die toekoms.
- (iii) Dat die onderverdeling, aansluiting van munisipale dienste en die oprigting van die gebou, vir die aansoeker se rekening sal wees.
- (iv) Dat daar aan alle goedkeurings soos vereis deur die relevante wetgewing voldoen moet word, voordat enige voorgestelde gebruik en aktiwiteite in aanvang neem.

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

Dat die bestuursaanbeveling aanvaar word.

**BESLUIT 94/2020**

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat erf 3461, Bredasdorp ongeveer 167m<sup>2</sup> reserveer word vir toekomstige uitbreidings aan "Ons Huis".
- (iii) Dat 'n terugvalklousule in die ooreenkoms ingesluit word.

9.9 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE (±589m<sup>2</sup>) ERF 955, STRUISBAAI (COLLAB: 339445) (WYK 5)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van Town & Country namens mnr Marchean Delpont om 'n gedeelte van erf 955, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 8**).

**ALGEMENE INLIGTING**

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 955, Struisbaai
Huidige sonering	:	Straat
Voorgestelde Grootte	:	±589m <sup>2</sup>

**AGTERGROND**

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 8 tot 14** is van Town & Country namens mr Marchean Delpont ontvang om 'n gedeelte van erf 955, Struisbaai by die Raad te koop ten einde dit te konsilideer met erf 3925, Struisbaai.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

Council policy	Alienation of land
MFMA	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>Sect 14(2)(a)</b>: asset not required for minimum level of basic services.</li> <li>2. <b>Sect 14(2)(b)</b>: consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset.</li> <li>3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below).</li> <li>4. <b>Sect 33</b>: Contracts having long term financial implications.</li> </ol>

<b>MATR</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>Definition of "high value asset":</b> <i>"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:</i> <ol style="list-style-type: none"> <li>a) <i>R50 million;</i></li> <li>b) <i>One percent of the total value of the capital assets of the municipality....</i></li> <li>c) <i>An amount determined by resolution of the council of the municipality ..... which is less than (a) or (b).</i></li> </ol> </li> <li>2. <b>Definition of "realisable value":</b> fair market value <u>less</u> estimated costs of completion.</li> <li>3. <b>Definition of "right to use, control or manage":</b> when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.</li> <li>4. <b>Regulation 5</b> (decision-making).</li> <li>5. <b>Regulation 6</b> (public participation)</li> </ol>
<b>SCM Regulations SCM Policy</b>	<b>Regulation 40: (Disposal Management)</b> Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth
<b>Systems Act</b> (public participation)	<p><b>Section 21A:</b> (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>(a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries;</li> <li>(b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and</li> <li>(c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.</li> </ol>
<b>Town Planning legislation</b>	No application is required.

**DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR****MUNISIPALE BESTUURDER**

My view is that the erf be sub-divided and rezoned for residential purposes and then sold by public auction.

**DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE**

Should consider rezoning to residential and then sold by public auction / tender.

**DIREKTEUR: SIVIELE INGENEURSDIENSTE**

589m<sup>2</sup> is a considerable size plot suitable for a dwelling in a prime area. No objection to alienation, however should be rezoned and disposed of in a competitive bidding process.

**DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE**

My mening is dat die erf groot genoeg is om verkoop te word volgens alle wetlike prosesse en sodoende as 'n inkomste vir die Raad kan wees.

**ELEK**

Any upgrade to existing infrastructure for owners account.

**SENIOR BOUBEHEERBEAMPTE**

Take note.

**BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER**

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

**BESTUURDER: WATER EN RIOOL**

No impact on water and Sanitation system.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat, aangesien die eiendom ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van Gedeelte ( $\pm 589\text{m}^2$ ) van gedeelte erf 955, Struisbaai aan mnr Marchean Delpont, teen 'n markverwante prys.
- (ii) Dat die konsolidasie van die erf vir die aansoeker se koste sal wees.
- (iii) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word.

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette.

**BESLUIT 95/2020**

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die aangeleentheid daarna weer na die Raad verwys word vir oorweging.

9.10 **VERVREEMDING / ONTWIKKELING: ERWE 852 EN 857, STRUISBAAI (STRUISBAAI ONTWIKKELINGS)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk om die eiendom van erwe 852 en 857, Struisbaai aan LTN Bedrywe (Edms) Bpk (mnr P Erasmus) in fases te vervreem.

**ALGEMENE INLIGTING**

Eienaars	: KAM
Eiendom	: Erf 852 en 857, Struisbaai
Erf Grootte	: 5.45 HA
Sonering	: Wil aanwend vir "kommersiële ontwikkeling"

**AGTERGROND**

Die Raad het reeds by 'n vroeër geleentheid oorweging geskenk om 'n gedeelte van erwe 852 en 857 in Struisbaai aan LTN Bedrywe (Edms) Bpk te vervreem om 'n kommersiële ontwikkeling daar te doen. Die koopprys was bepaal op R19 222 250,00 en volgens die ooreenkoms moet die ontwikkelaar 'n 5% "non-refundable" deposito van R961 112,50 betaal, nog voordat daar enige verkope was. Die koper versoek die Raad nou om die ontwikkeling in 2 fases te doen, maar die kooptransaksie word net verseker vir die gedeelte van die grond waarop fase 1 van die ontwikkeling sal voortspruit.

Die Raad se prokureur het op 8 Junie 2020 'n skrywe gerig ten opsigte van die aangeleentheid (sien **bladsy 15**). Hy meld in sy skrywe dat ..... "blyk dit dat hy dus die oorblywende gedeelte van 60% wil voorbehou as 'n "opsie" of "reg van 1<sup>ste</sup> weiering", wat uiteraard nie sal voldoen aan die bepalings van die MFMA nie.

**Die skrywe van die Raad se prokureur verwys ook na verdere ontwikkelings te Struisbaai, naamlik:**

1. KUSASA COMMODITIES Property Investments and Development (Edms) Bpk van mnr S Brinkhuis op erf 1257, Struisbaai - 25.7 Ha vir R29 555 000.
2. Clearlake Capital (Edms) Bpk (Mnr Ben Smit & Werner Claasen) op Erf 1256, Struisbaai - 12.2HA vir R17 039 550.

**MARKWAARDASIE**

Markwaarde van die verkleinde gedeelte van LTN Bedrywe (Edms) Bpk moet nog aangevra word.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Potensiële bron van inkomste.

**BESTUURSAANBEVELING**

Dat die Raad die aansoek van LTN Bedrywe (Edms) Bpk oorweeg.

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette.

**BESLUIT 96/2020**

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die aangeleentheid daarna weer na die Raad verwys word vir oorweging.

9.11 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE VAN ERF 379, STRUISBAAI****DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van Town & Country, namens die eienaar van erf 4227, Struisbaai ten einde 'n gedeelte van erf 379, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 37**).

**ALGEMENE INLIGTING**

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Erf gedeelte 379, Struisbaai
Erf Grootte	:	7444m <sup>2</sup>
Gedeelte verlang	:	382m <sup>2</sup>

**AGTERGROND**

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 41** is van Town & Country ontvang om gedeelte van erf 379 by die Raad te koop.

Erf 379, Struisbaai is die erf waarop die huidige munisipale kantore tans geleë is. Die aangrensende eienaar (van erf 4227, Struisbaai) het nie voorsiening gemaak vir parkeerplek op sy erf 4227 vir sy wooneenhede nie, en wil nou die gedeelte by die raad koop vir die voorsiening van parkeerplekke vir sy aanliggende perseel.

Die woonstelloste wat aanvanklik gebou is, sou vakansie akkommodasie gewees het, waar geen parkeerplek nodig was nie, maar dit het intussen verander na 'n "Sectional Title Scheme" en die voornemende kopers vereis nou toesluit parkeermogelikeite.

Die vervreemding van die grond kan potensiële uitbreiding van die munisipale kantore in die toekoms belemmer.

**MARKWAARDASIE**

Sal ingewin moet word.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

**WETLIKE IMPLIKASIES**

<b>Council policy</b>	<b>Alienation of land</b>
<b>MFMA</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>Sect 14(2)(a)</b>: asset not required for minimum level of basic services.</li> <li>2. <b>Sect 14(2)(b)</b>: consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset.</li> <li>3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below).</li> <li>4. <b>Sect 33</b>: Contracts having long term financial implications.</li> </ol>
<b>MATR</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. <b>Definition of "high value asset"</b>: <i>"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:</i> <ol style="list-style-type: none"> <li>a) <i>R50 million;</i></li> <li>b) <i>One percent of the total value of the capital assets of the municipality....</i></li> <li>c) <i>An amount determined by resolution of the council of the municipality ..... which is less than (a) or (b).</i></li> </ol> </li> <li>2. <b>Definition of "realisable value"</b>: fair market value <u>less</u> estimated costs of completion.</li> <li>3. <b>Definition of "right to use, control or manage"</b>: when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.</li> <li>4. <b>Regulation 5</b> (decision-making).</li> <li>5. <b>Regulation 6</b> (public participation)</li> </ol>
<b>SCM Regulations SCM Policy</b>	<b>Regulation 40: (Disposal Management)</b> Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth
<b>Systems Act</b> (public participation)	<p><b>Section 21A:</b> (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>(a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries;</li> <li>(b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and</li> <li>(c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.</li> </ol>
<b>Town Planning legislation</b>	No application is required.

**DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR****MUNISIPALE BESTUURDER**

Sell by public tender.

**DIREKTEUR: SIVIELE INGENEURSDIENSTE**

No objection. services are located close by. Due process should be followed.

**DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE**

Clarify whether the person wants to purchase and / or requesting a piece of land to be accommodated as according to me no mention of purchase as assumed.

**BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE**

Vervreemding word ondersteun. Ek voel die Raad behoort op Tender te kan uitgaan, of 'n publieke veiling te hou.

**BESTUURSAANBEVELING**

- (i) Dat finaliteit gekry word of die erwe (en ander in Tolbosstraat) in die Aktekantoor geregistreer is en dat 'n waardasie gein word.
- (ii) Dat die aangeleentheid oorstaan.

**AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette.

**BESLUIT 97/2020**

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die aangeleentheid daarna weer na die Raad verwys word vir oorweging.

9.12 **AMENDMENT / EXTENTION OF CONTRACT: DDP VALUERS PTY LTD (SCM22/2015/16)****PURPOSE OF REPORT**

